2026

90 JAAR CMR
NOORD • NORTH
ONS GEE HOOP

save a child
red 'n kind

5jaar

VERSLAG
aan die
NOORDELIKE
SINODE



5jaar

VERSLAG
aan die
NOORDELIKE
SINODE

Christelik
Maatskaplike Raad
Noord/North
NPO registrasie:
NPO 015-917

Adres
Briscoelaan 5
Queenswood

Posadres
Posbus 2037
Groenkloof
0027

Telefoon
(012) 460 9272

cmr@cmrn.co.za
www.cmrn.co.za

Kontak
Dr. Ronel Aylward
Algemene Bestuurder

2026 Beheerraad CMR NOORD

Ds. D.H. Janse van Rensburg
Voorsitter
Verteenwoordiger: Derdepoort

Mnr. G Malan
Verteenwoordiger: CMR Limpopo EXCO

Ds. F. Esterhuizen
Visie-voorsitter
Verteenwoordiger: Sesmylspruit

Mnr. J. Masango
Addisionele lid: Regsake

Ds. M. Schoeman
Verteenwoordiger: Suid-Oos Pretoria-Ring

Ds. W.H. de Vos
Verteenwoordiger: Wonderboompoort-Ring

Ds. W. Van Niekerk
Verteenwoordiger: SKDBM

Dr. M. van Niekerk
Sekretaris
Verteenwoordiger: Pretoria-Oos

Ms. S. Laubser
Addisionele lid: Menslike Hulpbronne

Ds. A Liebenberg
Verteenwoordiger: Sentraal-Moot

Dr. R. Aylward
Adviserend

Mnr. R. Van Jaarsveld:
Adviserend



Sentrums van Hoop

GAUTENG
Daspoort – 012 460 9272 X 4
Derdepoort – 012 460 9272 X 7
Lotus Gardens – 012 460 9272 X 9
Lynnwood – 012 460 9272 X 6
Moot– 012 460 9272 X 5
Wierdapark – 012 460 9272 X 8
Wonderboom – 012 460 9272 X 0
Kindersentrum Queenswood – 012 460 9272 x 3

LIMPOPO
Louis Trichardt – 082 644 9296
Musina – 063 864 5274
Warmbad – 014 736 2557

NOORDWES
Brits – 012 252 3207
Hartbeespoort – 064 956 6770

Baie dankie

Ons betuig ons opregte dank aan:

- Die Bestuursraad vir hul toegewyde leierskap en leiding.
- Ons Finansiële Bestuurder en sy span vir hul volgehoue ondersteuning en waardevolle kundigheid.
- Die Noordelike Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir hul finansiële bydraes en volgehoue ondersteuning met dienslewering.
- Die Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling van Noordwes, Limpopo en Gauteng vir hul noodsaaklike finansiële ondersteuning.
- Al ons donateurs, wie se ruim bydraes 'n onmeetbare verskil maak.
- Louis Botha Kinderhuis vir die beskikbaarstelling van kantoorgeriewe.
- Al ons personeel vir hul onwrikbare toewyding en nougesette diens.
- Pleegouers, aanneemouers en kliënte vir hul vertroue, samewerking en bereidwilligheid om saam met ons die pad te stap.
- Plekke van veiligheid en veiligheidsouers wat premature en pasgebore babas met liefde versorg en altyd die ekstra myl loop vir dié wat die kwesbaarste is.
- Ons Hemelse Vader, wat aan ons die wysheid, krag en deernis gee om getrou en met volle oorgawe te dien.

Dr. R. Aylward
Algemene Bestuurder

Geanker in sorg

CMR Noord is ’n **Kinderbeskermingsorganisasie** (KBO) en ‘n **Nie-winsgewende Organisasie** (NWO), gegrond in die Christelike geloof, met ’n duidelike fokus: om **hoop te gee aan mense in nood**.

Dié uitgangspunt kry **prakties gestalte** in die werk van gekwalifiseerde maatskaplike werkers wat kinders beskerm, gesinne ondersteun en gemeenskappe bystaan.

Kinderbeskerming staan sentraal tot die organisasie se werk. Wanneer ’n kind se veiligheid bedreig word, tree CMR Noord toe om die kind te beskerm en die nodige ondersteuning en sorg te help verseker.

Die werk strek egter verder as die **onmiddellike krisis**. Terapie en assesserings, ouerleiding, pleegsorg, gesinshereniging en voorkomingsprogramme vorm deel van ’n breër benadering waarin die kind én die gesin in konteks gesien word.

Armoede en maatskaplike nood raak ook die vermoë van gesinne om na hul kinders om te sien. Daarom sluit CMR Noord se dienste **praktiese ondersteuning** soos voedselvoorsiening en ander noodsaaklike hulp in, saam met programme wat mense toerus en gemeenskappe versterk.

Deur **15 Sentrums van Hoop** in Gauteng, Limpopo en Noordwes word hierdie werk daagliks voortgesit.

CMR Noord se uitgangspunt is eenvoudig: om raak te sien waar nood bestaan, verantwoordelik op te tree en kinders en gesinne met deernis, kundigheid en geloof by te staan. Om ‘n toevlugsoord te wees vir die mees weerbare mense.

Dienste wat deur CMR Noord gelewer word

KINDERBESKERMING
CMR Noord beskerm kinders onder omstandighede waar hulle veiligheid en welstand deur onder andere mishandeling of verwaarlosing bedreig word. Deur professionele maatskaplike dienste, ondersteuning en veilige versorging word daar op die kind se onmiddellike behoeftes én verdere herstel en ontwikkeling gefokus.

GESINSBEWARING
Die gesin vorm ’n belangrike grondslag vir die versorging en ontwikkeling van kinders. CMR Noord ondersteun gesinne deur ouerleiding, professionele begeleiding en praktiese hulp om uitdagings te hanteer, gesinsfunksionering te verbeter en gesinne, waar moontlik, te behou en te herenig.

ARMOEDEVERLIGTING
Armoede plaas toenemende druk op gesinne en beïnvloed dikwels hul vermoë om in basiese behoeftes te voorsien. CMR Noord bied praktiese ondersteuning, waaronder voedsel, klere en ander noodsaaklike hulp, om onmiddellike nood te verlig en gesinne gedurende moeilike omstandighede by te staan.

GEMEENSKAPS-ONTWIKKELING
Gemeenskapsontwikkeling fokus op die versterking en toerusting van mense om hul omstandighede en maatskaplike funksionering te verbeter. CMR Noord werk saam met gemeenskappe en ander rolspelers om behoeftes aan te spreek, vaardighede te ontwikkel en geleenthede vir groter selfstandigheid te bevorder.



’n Vereenvoudigde identiteit, dieselfde betekenis

CMR Noord se logo is vereenvoudig om ’n meer moderne, herkenbare en veelsydige visuele identiteit te skep, sonder om die betekenis van die oorspronklike logo prys te gee.

Die drie figure bly sentraal en verteenwoordig steeds kinders, gesinne, beskerming en sorg – die kern van CMR Noord se werk. Die bekende korporatiewe kleure is behou om kontinuïteit met die organisasie se geskiedenis en identiteit te verseker.

Saam met die nuwe logo bly CMR Noord se gevestigde slagspreuk in al drie tale onveranderd: ***Ons gee hoop*** | ***We give hope*** | ***Re fa Tshepo***. Dit verwoord die belofte wat steeds aan die hart van die organisasie staan.

MISSIE EN VISIE

Die visie en missie van CMR Noord is vroeër vanjaar aangepas om die organisasie se identiteit as ’n **Toevlugshawe (’Sanctuary’)** sterker te weerspieël. Dit verwoord die verbintenis om ’n veilige ruimte van beskerming, sorg en ondersteuning te skep waar kinders, gesinne en mense in nood weer hoop kan vind.

Die CMR Noord se Christelike etos is die grondslag vir ons betrokkenheidstrategie, gegrond in deernis en inklusiwiteit.

Missie
Om die kwesbares te beskerm, gesinne te bewaar en gemeenskappe te versterk deur geïntegreerde programme wat menswaardigheid bevorder en volhoubare, transformerende verandering teweegbring.

Visie – 'n Veilige Ruimte
Om veilige toevlugsoorde van beskerming en ondersteuning te skep waar menswaardigheid herstel word en hoop kan groei.



Die **Red ’n Kind**-projek het ontstaan uit ’n besluit om nie kindermishandeling as ’n onvermydelike werklikheid te aanvaar nie.

Die projek is in 2000 van stapel gestuur met ’n duidelike doel: **om kinders wat in gevaar verkeer te beskerm, daadwerklik op mishandeling te reageer en aan elke kind die geleentheid tot herstel te bied.**

‘n Spesiale logo is vir die projek ontwerp en word dikwels saam met die CMR Noord-logo gebruik.

Kinders is onskuldig. Deur die Red ’n Kind-projek ontvang kinders **beskerming en terapeutiese ondersteuning** wat hulle op die pad na herstel begelei.

CMR Noord bly verbind tot optrede in die **beste belang van elke kind** – om veiligheid te herstel, vertroue weer op te bou en kinders te help om van trauma na hoop te beweeg.

90 jaar van hoop en diens

1936 – 2026

In 2026 het CMR Noord sy **90ste bestaansjaar** gevier – ’n besondere mylpaal vir ’n organisasie wat sedert 1936 deel is van die Suid-Afrikaanse maatskaplike welsynslandskap. Wat nege dekades gelede begin het, het ontwikkel tot ’n professionele netwerk van maatskaplike werkers wat vandag deur 15 Sentrums van Hoop in Gauteng, Limpopo en Noordwes kinders beskerm, gesinne ondersteun en gemeenskappe bystaan.

Die 90ste bestaansjaar is met ’n spesiale viering op 14 April 2026 by die Atterbury Teater in Pretoria herdenk. Om die geleentheid en die betekenis van hierdie mylpaal vas te vang, is ’n **spesiale 90-jaar-gedenklogo** ontwerp.

Die logo verbind CMR Noord se geskiedenis met sy bekende identiteit en boodskap: ***Ons gee hoop | We give hope | Re fa Tshepo.***



CMR Noord bestuurders: Van links Petro Fourie, Lizette van Niekerk, dr Ronel Aylward, Rudolf van Jaarsveld en Neo Mashao.











Oorsig en opsomming van dienste per provinsie

Diens	Gauteng	Noordwes	Limpopo
Gesinsbewaring	✓	✓	✓
Kinderbeskerming	✓	✓	✓
Terapie	✓	✓	✓
Gemeenskapsontwikkeling	✓	✓	✓
Armoedeverligting (voedselvoorsiening)	✓	✓	✓
Assesserings	✓	✓	✓
Statutêre werk	Beperk	✓	✓
Pleegsorg	–	✓	✓
Aannemings	Beperk	–	✓
Pleegsorgopleiding	✓	✓	✓
Ouerleiding	✓	✓	✓
Kinderhofsake	Beperk (geen nuwe pleegsorg nie)	✓	✓
Interaksionele analises	✓	✓	✓
Voorskoolse ontwikkeling	✓	✓	✓
Werkskepping	✓	–	✓

Opsomming van **dienste** gelewer



2021/2022 Unscripted BUT UNSHAKABLE

25 600 TOTALE AANTAL Begunstigdes

19 600 kinders
6 000 volwassenes

Dienste

Gesinsbewaring

- **170** nuwe gesinne bereik
- **35** kinders herening met gesinne
- **542** nuwe gesinne is geregistreer vir dienste
- **15** kinders is teruggeplaas by gesinne van oorsprong

Kinderbeskerming

- **1 087** totale aantal begunstigdes
- **15 000** kinders bereik deur Kinderbeskermingsweek-veldtog
- **250** kinders by Kindersentrum geassesseer
- Kinderhofsake:
  - **275** sake
  - **141** sake afgehandel
  - **134** sake oorgedra na die nuwe boekjaar

Armoedeverligting

- **60** totale aantal mense bereik deur die entrepreursprojek
- **28** volwassenes deur ondersteuningsdienste

Dienste

GELEWER EN BEGUNSTIGDES

- Groepwerk met kinders
- Ouerleiding en terapeutiese groepe met ouers
- Huweliksberading
- Egskeidingsbegeleiding
- Lewensvaardighede
- Traumaberading
- Terapie by skole
- Hereniging van kinders met gesinne van oorsprong

HOOGTEPUNT



Gedurende die entrepreneursprojek het deelnemers vaardighede geleer en kennis opgedoen om hulle eie besighede uit te brei en in stand te hou. Die terugvoering van deelnemers was baie positief.

Die uitdaging wat enige organisasie wat met gesinne en kinders werk in die gesig staar, is hoe ons help om armoede op 'n volhoubare manier te verlig.

Growing towards a better future

CMRN Annual Report **2022 23**

PLEEGSORG EENHEID

- **17** Pleegsorggesinne suksesvol gekeur
- **97** Pleegouers ondersteun

AANNEMINGSDIENSTE

- **7** Aannemings gefinaliseer (geslote aannemings, vanuit pleegsorg, stiefouers)
- **12** Aantal gevalle hanteer
- **20** Aantal ouers hanteer
- **66** Aantal kinders wat dienste ontvang het (assesserings, interaksionele analises en terapie). Sommige kinders het verskillende dienste oor 'n tydperk ontvang.

DIENSTE DEUR DIE EENHEID VIR TERAPIE EN ASSESSERING GELEWER

INTERAKSIONELE ANALISES (ASSESSEER DIE VERHOUDING TUSSEN KIND EN VERSORGER) ASOOK SOSIO-EMOSIONELE ASSESSERINGS

89 **kinders bereik**

TERAPIE

22 volwassenes **48** kinders

INDIVIDUELE OUERLEIDING

42 individuele ouers

OUERLEIDINGSGROEPE

3 groepe **55** volwassenes

VERSKYNINGS IN DIE KINDERHOF

2 sake

Dienste gelewer en begunstigdes:

- Gesinsbewaring
- Kinderbeskerming
- Terapeutiese ondersteuning
- Gemeenskapsontwikkeling en armoedeverligting

2 909

Die totale aantal gesinne wat deur bogenoemde dienste bereik is.

HOOGTEPUNT

Ten spyte van die onttrekking van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se subsidies in Gauteng, kon die CMR Noord steeds aan 2 909 gesinne dienste lewer.

Ons is maar bome in die woud van die lewe – waar swaarkry ons wortels versterk en groei aanmoedig.

Opsomming van dienste gelewer



KINDERBESKERMING EN GESINSBEWARING

assesserings	kinders bereik gedurende kinderbeskermings-week	kinders deur projekte en programme bereik
143	4,000	141


kinders deur hofbevele beveilig	kinders betrek by mandeladag-projekte	kinders betrek by VKO-projekte	mense bereik deur aannemings-dienste
116	320	117	143

GEMEENSKAPSOPHEFFING EN ARMOEDEVERLIGTING

GESINSORGDIENSTE

groepwerk met pleegouers	kinders betrek by vakansieprojekte
114	189

360	korttermynsake
864	mense bereik deur armoedeverligting en vaardigheidsontwikkeling
124	ouer persone bereik deur gemeenskapsuitreike
130	lewensvaardighede
304	bewusmakingsprojekte
836	individue deur generiese maatskaplike werk bereik



VERNUWING:
'N VOORTGAANDE REIS

KINDERBESKERMING EN GESINSBEWARING

191 kinders deur hofbevele beveilig	**171** individue ontvang assesserings	**352** kinders betrek by VKO-projekte
281 kinders by Mandeladag betrek	**28** mense bereik: aannemings-dienste	**12** kinders by vankansie-projekte

GEMEENSKAPSOPHEFFING EN ARMOEDEVERLIGTING

2,084	een stop-projek vir haweloses
2,216	mense bereik deur armoedeverligting en vaardigheidsontwikkeling
3	beskermende werkswinkels

GESINSORGDIENSTE

2,947	kinders bereik gedurende kinderbeskermings-week
2,620	kinders bereik deur projekte en programme
143	kinders geplaas in veiligheid- en pleeghuise

Vernuwing herinner ons dat verandering nie die einde is nie, maar die begin van iets groters.

90	pleegouers wat groepwerk doen
466	korttermynsake
12	middel-afhanklikes bedien
78	ouer persone bereik deur gemeenskapsuitreike
629	lewensvaardighede
2,518	individue ontvang dienste
1,788	individue deur generiese maatskaplike werk bereik

Opsomming van **dienste** gelewer

25
26

TOEVLUG van VEILIGHEID en ONDERSTEUNING





Beskerming begin by mense wat omgee



Kinderbeskerming

172	260	20	4,841
kinders deur hofbevele beveilig	assesserings	mense bereik deur aannemingsdienste	kinders gedurende Kinderbeskermings-week bereik

Kinderbeskerming begin deur risiko-gedrag raak te sien, aandagtig te luister en die kind se veiligheid en beste belang eerste te stel. CMR Noord lewer die volgende dienste: assesserings, gesinsondersteuning, hofverwante beskerming, pleegsorg- en aannemingsdienste, en bewusmakingsprogramme in skole en gemeenskappe.

Die diens:

- Beskerm kinders deur voorkomingsprogramme, ouerskapwerkswinkels en bewusmakingsveldtogte.
- Bied statutêre dienste, insluitend ondersoeke en alternatiewe sorgplasings vir kinders wat in gevaar is.
- Bied terapie en assesserings wat by kinders se behoeftes aangepas is.

Gemeenskaps**opheffing** en **Armoede**verligting



2,937	2,347	116
mense bereik deur armoedeverligting en vaardigheidsontwikkeling	begunstigdes bereik deur die Eenstopdiens vir hawelose mense	ouer persone bereik deur gemeenskapsuitreike

- Voorsien voedsel, klere en skoolbenodigdhede aan mense en kinders in nood.
- Bied vaardigheidsontwikkeling aan om mense te help om 'n inkomste te verdien.
- Bied mentorskap en praktiese ondersteuning om selfwaarde te verbeter.

Behoeftes wat steeds bestaan
Toenemende armoede en voedselonsekerheid, dalende voedselskenkings, hawelooshеid, en die voortdurende vraag na toiletware, klere en ander noodsaaklikhede bly voortgesette uitdagings.

Gesinsbewaring

3,264	629	92	202
mense bereik deur generiese maatskaplike werk	korttermynsake hanteer	deelnemers aan pleegouer-groepwerk	mense bereik deur lewensvaardigheids programme

- Versterk gesinsverhoudings.
- Ondersteun gesinstabiliteit deur vroeë intervensie, assesserings en terapie.
- Bied kursusse in ouerleiding aan.
- Bevorder gesonder gemeenskappe deur verbeterde maatskaplike funksionering.



STORIES van **HOOP**







Amanda (skuilnaam), 'n vyfjarige dogtertjie, se skool het haar na CMR Noord verwys weens ernstige kommer oor haar veiligheid en welsyn.CMR Noord dra by tot Amanda se skoolopleiding deur haar skoolfonds te betaal. Ná haar ma se afsterwe weens 'n oordosis dwelms, is sy in die sorg van haar oupa geplaas, wat voorheen 'n tronkstraf uitgedien het. Tydens 'n forensiese assessering het Amanda seksuele mishandeling deur haar oupa bekend gemaak.

Ná die assessering is sy onmiddellik in veiligheid geplaas by gekeurde veiligheidsouers. Voor haar verwydering het haar oupa haar hare afgeskeer omdat sy kopluise gehad het. Amanda ontvang nou die beskerming, stabiliteit en versorging wat elke kind behoort te ervaar.

Lana (skuilnaam), 'n eenjarige dogtertjie, het by haar biologiese ma gewoon, wat reeds 13 jaar aan Crystal Meth verslaaf is. Lana is die jongste van vier dogters wat haar ma by verskillende vaders het. Ondanks herhaalde opnames in rehabilitasiesentrums kon haar ma nie haar dwelmverslawing oorwin nie en het sy pornografiese video's vervaardig om haar dwelmgewoonte te finansier.

Nadat haar ma Lana ontvoer het, het CMR Noord ingegryp en is sy in die sorg van haar biologiese pa geplaas. Sy is nou veilig en het slegs onder die toesig van 'n maatskaplike werker kontak met haar ma. Hierdie ingryping het verseker dat Lana in 'n veilige en stabiele omgewing kan grootword.

Connie (skuilnaam), 'n driejarige dogtertjie, is die middelste van drie susters. Haar babasussie (6 maande) is in die hospitaal opgeneem met bloeding op die brein, bloukolle op haar lyfie en gebreekte armpies.


Interaksionele analises tussen die ouers en hul kinders is gedoen om vas te stel of daar enige afwykende gedrag of mishandeling deur die ouers was. Die assessering het bevind dat die twee ouer dogtertjies goed versorg is en geen tekens van beserings of mishandeling getoon het nie. Die baba is intussen met haar ouers herenig, terwyl die maatskaplike werker steeds toesigdienste lewer om haar veiligheid en versorging deurlopend te monitor.

(Die buurvrou wat die oggend na die baba omgesien het, het vermoedelik die baba beseer.)


Kinders se gesiggies is verskans om hulle identiteit te beskerm.

Bronne van inkomste


2021/2022




2022/2023



2023/2024




2024/2025




- Subsidies (Dept van Maatskaplike Ontwikkeling)
- Donasies en algemene fondsinsameling
- NG Kerk-bydraes
- Ander (rente, fooie, professionele fooie, DVOS)


Bronne van inkomste

2025/2026



gemiddelde inkomste 2021 – 2026





- Subsidies (Dept van Maatskaplike Ontwikkeling)
- Donasies en algemene fondsinsameling
- NG Kerk-bydraes
- Ander (rente, fooie, professionele fooie, DVOS)

STAAT: die verhouding met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling



TERUGSLAG IN GAUTENG (2022)

- ‘n Diensvlakooreenkoms met die Departement Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) in Gauteng op 13 April 2022 onverwags beëindig.
- Die CMR Noord verloor 53% van haar inkomste (ongeveer R7m).
- DMO herroep ook CMR Noord se status as Kinderbeskermingsorganisasie (KBO) op 6 Junie 2022.
- Die DMO skaar hulleself ook aan die kant van drukgroepe en ontevrede kliënte.
- DMO gee CMR Noord nie ‘n billike geleentheid om hulself te verweer nie.
- CMR Noord moet noodgedwonge 14 personeel aflê op 1 Julie 2022.
- Ongeveer 800 statutêre sake oorgeplaas na DMO.
- Baie negatiewe berigte met halwe- en onwaarhede jeens die CMR Noord in die media gedurende 2022 en 2023.
- CMR Noord kontrakteer die dienste van ‘n mediakonsultant in.

ONS GEE NIE MOED OP NIE

- CMR Noord bring ‘n dingende aansoek by die Hooggeregshof
- CPO-status is op 20 Oktober 2022 herstel.
- Hooggeregshof en Appèlhof wys DMO se appèlaansoeke van die hand met kostes.
- Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) in Gauteng betaal geen subsidies aan die CMR Noord vir die 2023/2024 finansiële jaar nie.
- Die CMR Noord doen weer aansoek om befondsing by die DMO aansoek vir spesifieke programme vir die 2024 /2025 finansiële jaar.
- Finansiële ondersteuning word sedert die laaste kwartaal van 2024/2025 tot huidiglik weer vanaf die DMO in Gauteng ontvang.
- Die CMR Noord Sentrums van Hoop in die Noordwes provinsie (Brits) en Limpopo provinsie (Warmbad en Louis Trichardt) ontvang steeds DMO-subsidies.

Die CMR Noord het positiewe mediadekking ontvang gedurende 2023 en 2024 via:

- Die Rekord-koerant (twee artikels tydens Maatskaplike werker-maand, hierdie artikels is ook op *Die Rekord* se Facebook geplaas),
- Swartskaap (TV-program),
- Groot FM (onderhoud met dr Aylward tydens Kinderbeskermingsmaand) en
- Radio Hi 5 Stereo (tydens ‘n fondswerwingsgeleentheid).
  Positiewe reaksie van die publiek is na aanleiding van hierdie dekking ontvang.

Die CMR Noord gaan voort met die lewering van maatskaplikewerkdienste deur die onderskeie programme naamlik Gesinsbewaring en Voorkoming, Kinderbeskerming (Statutêre werk), Gemeenskapsontwikkeling en Armoedeverligting by alle sentrums van Hoop.

Dokumentêre insetsel op *Carte Blanche*

Dokumentêre insetsel op *Carte Blance*

- *Carte Blanche* het CMR Noord gekontak rakende verskeie historiese kinderbeskermingsake. CMR Noord het die vrae volledig en deursigtig skriftelik beantwoord, maar besluit om nie aan ’n onderhoud voor die kamera deel te neem nie.
- Die besluit is geneem om minderjarige kinders wat reeds trauma ervaar het te beskerm, wetlike en etiese verpligtinge na te kom en die integriteit van die betrokke prosesse te handhaaf.
- CMR Noord is ’n geregistreerde Kinderbeskermingsorganisasie ingevolge die Kinderwet 38 van 2005. Indien daar redelike gronde bestaan om te glo dat ’n kind in gevaar verkeer, is CMR Noord wetlik verplig en gemagtig om die kind deur middel van Vorm 36 ingevolge Artikel 152 in tydelike veilige sorg te plaas.
- CMR Noord neem nie die finale besluit oor ’n kind se plasing nie. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, SAPD waar van toepassing, mediese spesialiste en onafhanklike gespesialiseerde maatskaplike werkers kan deel vorm van die verdere ondersoek. Die Kinderhof neem die finale besluit oor plasing of langtermynsorg.
- Belanghebbendes word versoek om openbare spekulasie en sosialemediakommentaar te vermy wat die betrokke kinders of die organisasie verdere skade kan berokken. Die beskerming van kinders se identiteit, waardigheid en beste belang bly voorop.
- CMR Noord bly gefokus op sy verantwoordelikheid om kinders met deernis te dien en binne die raamwerk van die wet op te tree. Die organisasie sal tans geen verdere kommentaar lewer nie.

Positiewe mediadekking in 2025

MEI

- PretoriaFM (Radio-onderhoud): "Ontstellende toename in die openbare blootstelling van slagoffers van kindermishandeling: CMR doen 'n beroep op 'n kindergesentreerde benadering."

- The Star newspaper (aanlyn-artikel): "Child protection organisations cautions against public exposure of child victims, with some masked as advocacy."

- Satuday Sun (gedrukte artikel): "Child protection organisations cautions against public exposure of child victims, with some masked as advocacy."

- Cape Talk (Direkte uisending van 'n radio-onderhoud): "Child Protection Organisation: More Caution Needed When Speaking About Child Victims.”

- Primedia Plus (Aanlyn-artikel): “Be Careful What You Post: Are You Protecting or Inadvertently Exposing Child Abuse Victims?”

JUNIE

- GrootFM (Radio-onderhoud): "Fokus op Kinderbeskermingsweek"

- YouFM (Direkte uitsending, radio-onderhoud): "Kinderbeskerming"

- Die Groot Ontbyt (Direkte uistending op TV): “Ontstellende toename in die openbare blootstelling van kindermishandelingslagoffers: CMR Noord doen ’n beroep op ’n kindergesentreerde benadering."

SWOT-analise



STERK PUNTE

- Personeel met ondervinding
- Kundigheid beskikbaar (CMR Kindersentrum)
- Fisiese hulpbronne
- Ondersteuning vir die welstand van personeel
- Opleidingsgeleenthede
- Vaardighede en kundigheid in statutêre maatskaplike werk
- Goed-ontwikkelde prosedures en protokolle
- Gemeenskapshulpbronne en -netwerke
- Gedeelde waardestelsel
- Geleenthede om te sosialiseer
- Bestuursondersteuning
- Spanwerk
- Gevestigde organisasie
- Betrokkenheid van die kerk
- Fokus op bewaring
- Positiewe organisasiekultuur

UITDAGINGS

- Beperkte hulpbronne
- Afstand
- Kommunikasie (Terugvoering van ander organisasies)
- Personeeltekort vir werklading/-vereistes
- Befondsing
- Negatiwiteit
- Tydsbestuur
- Te hoë gevalleladings
- Onrealistiese verwagtings van kliënte
- Te veel werksverwante verantwoordelikhede en spanning
- Salarisse
- Tegnologiese uitdagings

Finansiële volhoubaarheid

FINANSIËLE VOLHOUBAARHEID

1. Besparing/ rasionalisering/konsolidering van:

- Oorhoofse kostes (Kantoorfasiliteite, toerusting)
- Personeelkostes (Vierdag werksweek; vries poste van personeel wie aftree/bedank, of vul hulle met minder ervare personeel)

2. Diversifiseer bronne van inkomste:

- Staatsubsidies – waar dit ooreenstem met fokus van dienslewering en gemeenskapsbehoeftes.
- Behou ondersteuning van NGK
- Maatskaplikewerkdienste aan skole teen betaling
- Werknemerbystandprogramme aan besighede teen betaling
- Doelbewuste implementering van ander betaalde dienste
- Benut, beskerm, groei reserwes (Thusana) – en projekfondse.

3. Versterking van bemarkings- en fondsinsamelingsafdeling

- Sosiale media spesialis
- Aanstelling van meer fondsinsamelaars
- Kontrakteer met fondsinsamelingsmaatskappye
- Behou ondersteuning van huidige donateurs en reik persoonlik uit na nuwes.
- Debietorders
- Erflatings
- Voorleggings: Lotto, maatskappye
- Benut PBO status – Artikel 18A sertifikate

2026

5jaar

VERSLAG
aan die
NOORDELIKE
SINODE

Waar hoop verder leef

Vyf jaar se werk kan in verslae, projekte en dienslewering opgesom word.

Die werklike betekenis daarvan lê egter in mense se lewens. In kinders wat beskerm is, gesinne wat ondersteuning gekry het en gemeenskappe wat in moeilike omstandighede bygestaan is. Deur 15 Sentrums van Hoop in Gauteng, Limpopo en Noordwes word hierdie werk elke dag voortgesit deur professionele maatskaplike werkers en ondersteuningspanne.

CMR Noord se dienslewering sou nie moontlik wees sonder die mense en instansies wat saam verantwoordelikheid dra nie: **die Beheerraad, CMR Noord-bestuurders, personeel, die Noordelike Sinode, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, donateurs, pleeg- en aanneemouers, veiligheidsouers, vrywilligers, kliënte en ander vennote.** Elkeen se bydrae vorm deel van die groter geheel waarin kinders beskerm, gesinne versterk en nood aangespreek word.

Terwyl CMR Noord in 2026 ook 90 jaar van diens herdenk, bly die fokus nie net op die verlede nie. Die geskiedenis dra ’n verantwoordelikheid vorentoe: om aan te hou raaksien waar nood bestaan, professioneel en met deernis op te tree, en veilige ruimtes te help skep waar hoop weer moontlik kan word.

Ons gee hoop
We give hope
Refa tshepo

